

**Ons gebed in  
YAHSHUA**

Ons gebed in YAHUSHA Joh. 17

VADER, ons tyd het aangebreek; skenk openbaringe en eer aan U seuns, sodat U seuns U kan verhewe, loof en prys— soos U Afgesonderde Gees mag het oor alle vlees, sodat U Gees {YAHUSHA} aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan beërwe. En dit is die ewige lewe, dat ons U ken, die enige waaragtige VADER en YAHUSHA as die Gesalfde wat U gestuur het, dié Heerser oor U afgesonderdes.

Ons moet U lofwaardigheid deurgee op die aarde. Die werk wat U ons gegee het om te doen, moet ons volbring. En nou, VADER, ag ons by Uself met die agting wat ons by U ontvang het, toe U Seun die wêreld geskape het. Ons moet U Naam openbaar aan ons broers wat U ons uit die Abraham, Isak en Jakob gee het. Ons moet aan U behoort en ons moet U Woord bewaar.

Nou weet ons dat alles wat U ons gegee het, van U af kom. Die woorde wat U ons gegee het, moet ons onderling aan mekaar gee; so moet ons dit ook ontvang en waarlik erken dat YHUH van U uitgegaan het; ons moet glo dat U YHUH as SHA{Losser} gestuur het. Ons bid vir onself; ons bid nie vir die wêreld nie, maar vir ons wat U vir YHUH gegee het, omdat ons aan U behoort. En alles wat U Seun s'n is, is Uwe; en wat Uwe is, is U Seuns s'n; en ons is in U, so is ons ook in U Seun. En YAHUSHA U Seun is nie meer in die wêreld nie, maar ons is nog in die wêreld; en ons wil na U toe kom.

Reine VADER, bewaar ons in U Naam, wat U vir U Seun YHUH gegee het, sodat ons een kan wees net soos U een is met U Seun. Toe YAHUSHA saam met ons in die wêreld was, het Hy ons in U Naam bewaar. Oor ons het U, U Seun gegee, waarvan Hy oor ons waak; en nie een van ons sal verlore gaan nie, behalwe die seuns van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word. Maar nou kom ons na U toe; en ons spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat ons U Seun se blydskap volkome in ons kan hê.

VADER, U Seun, U Afgesonderde GEES, U Heerser wat U aangestel het oor alle geeste, het ons U Woord gegee, en die wêreld haat ons, omdat ons nie van die wêreld is nie, net soos U Seun nie van die wêreld is nie. Ons bid nie dat U ons uit die wêreld wegneem nie, maar dat U ons van die Bose bewaar.

U Seun is nie van die wêreld nie, net soos ons nie van die wêreld is nie. Reinig ons in U waarheid; U Woord is die waarheid. Soos U YHUH gestuur het na ons in die wêreld, moet ons ook onself na ons broers in die wêreld stuur. En U Seun het Homself afgesonder vir ons, sodat ons ook in "waarheid" rein kan wees. Maar ons bid nie vir onself alleen nie, maar ook vir die wat deur U woord in YHUH, U Seun, sal glo— dat ons almal een mag wees net soos U, VADER, in YHUH en YHUH in U; dat ons ook in U een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U, YHUH, U Seun gestuur het.

En U het ons die waardigheid van YHUH U Seun en van Uself gegee, sodat ons een moet wees, net soos U een is. U in YHUH en U in ons, sodat ons volkome een moet wees; en dat die wêreld kan weet dat U, YHUH, U Uitverkore Seun gestuur het, en ons liefgehad het net soos U, U Seun liefgehad het. VADER, ons wil dat waar U Seun is, ons wat U aan Hom gegee het, ook saam met Hom sal wees, sodat ons Sy lofwaardigheid kan aanskou wat U Hom gegee het, omdat U Hom liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld. Regverdige VADER, al het die wêreld U nie geken nie, tog het YHUH U geken, en ons hier het erken dat U Hom gestuur het. En YHUH - SHA het U Naam aan ons bekend gemaak en sal dit bekend bly maak, sodat die liefde waarmee U Hom liefgehad het, in ons kan wees, en YHUH U Seun in ons.

**Halleluja.**

Gebed vir gesond wording

Laat dit u dan bekend wees; as iemand spreek, laat dit wees soos woorde van YAHUSHA; laat dit wees soos uit die krag van VADER, sodat SY GEES wat in jou is die opdrag van HOM kan volbring.

Julle wat oor die behoeftige wil bid moet hom eers salf in die Naam van VADER en YAHUSHA dié Gesalfde, met olie (olyfolie) en sê soos volg:

Die gebed en salwing.

- 1.) Vra eers die vraag: Wil jy gesond word ?
- 2.) Laat die persoon nou bid om sy Wetteloosheid te bely en so ook sy behoefte uitspreek in 'n ope gebed waar daar twee of meer getuies is.
- 3.) Nadat hy sy gebed gedoen het sê dan na hom: Laat dit dan so wees soos jy geglo het en laat dit dan so wees soos jy dit wil hê.
- 4.) Olie (salf) hom in die Naam van YAHUSHA en vra dat VADER se Gees in elkeen teenwoordig moet wees en sê: Laat hierdie saak reg wees in U oë VADER rig hierdie siel op en wees met hom.!
- 5.) Doen nou die gebed;

In U Gees o VADER van goedgunstigheids, bid ek deur U Seun YAHUSHA vir hom wat die behoefte het. VADER, YAHUSHA het gesê: wat ons ook al in U vra sal U ons gee as dit U behaag.

Daarom bid ek dat U hom sal versterk in sy swakheid sodat sy wilskrag deur U versterk kan word.

Laat dit dan so met hom wees, nogtans nie ons wil nie, maar laat U wil geskiet ! Halleluja.

Sê aan hom: Laat dit vir jou wees soos jy geglo het, want VADER sal jou oprig en Hy sal met jou wees.